



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

17 MAART 2019

GEMEENTEBULLETIN

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

EREDIENSTE

DERDE LYDENSWEEK

OGGENDDIENS

Om God se liefde
vir ons te kom wys

Romeine 5:1-11

DEURKOLLEKTE

Geen

17 Maart

24 Maart

09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Potgieter	2	Ds. Visagie	3
19:00	Kapel	Aanddiens	Ds. Potgieter	13	Ds. Potgieter	11

FOKUSPROGRAM 7 TOT 21 APRIL

Lidmate word uitgenooi om in te skakel by ons fokusprogram met die oog op Lydenstyd en Paasfees. Tema: Hoop in beweging.

- **Aanbieding deur prof. Christina Landman**, Maandag 8 April om 19:00 in die kleinsaal. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519/*Whatsapp* jou naam, nommer en e-posadres na 083 611 4720. Kaartjies R50 p.p.
- **Toneelstuk deur Johan Laten**, met die tema: Hoop in beweging. Donderdag 11 April om 19:00 in die kleinsaal. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/ 021 976 4519/*Whatsapp* jou naam, nommer en e-posadres na 083 611 4720. Kaartjies R50 p.p.
- **Joodse Paasete**, Woensdag 17 April om 19:00 met eg Joodse kos. Dit is 'n besondere geleentheid waarby die hele gesin kan inskakel. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519/*Whatsapp* jou naam, nommer en e-posadres na 083 611 4720. Kaartjies R50 p.p.

RETRAITE IN WELLINGTON

Moderne mense se groeiende behoefte aan stilte het die gedagte aan 'n kwartaallikse wegbreekgeleentheid na die Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington laat ontstaan. Belangstellendes sal die opsie hê om as deel van 'n groep, of alleen, stilte op te soek. Die eerste wegbreekgeleentheid is vanaf Vrydag 5 April om 18:00 tot Saterdag 6 April om 18:00. Akkommodasie (enkelkamer met badkamer) en etes word ingesluit en koste beloop R480 per persoon. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519.

MANNEKAMP 10 TOT 12 MEI

Na afloop van 'n baie geseënde mannekamp in 2018 is daar besluit om jaarliks twee geleenthede aan te bied. Gee prioriteit aan jou geestelike opbou en kom ervaar die seën van die Here saam met ander mans – oud en jonk! Ons gaan na Wortelgat, Stanford. Navrae: Retief Ueckermann 082 498 3448. Besprekings: Karin Barter, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519.

STELLENBERG-KOSPROJEK

Die volgende datums vir ons kosprojekinsameling is **26 Maart en 23 April**. Bydraes van nie-bederfbare produkte kan onder die trap in die voorportaal van die kerk geplaas word, of gee af by die kerkkantoor. Kontantbydraes kan elektroniese oorbetalings na: NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.

GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep - Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep - Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep - Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

GEEN KATEGESE

tydens die skoolvakansie nie. Kategese en die jeugdiens hervat weer op 7 April.

UITREIK NA VOSBURG

'n Groep van ongeveer 30 jongmense van Stellenberg en die NG Kerk Onrusrivier vertrek op 19 Maart op 'n uitreik na Vosburg. Ons bid die groep baie seën op hulle werk in dié gemeenskap toe.

BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 1 April om 09:30 in die markplein bymekaar.

LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanel by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/gemorspos word gestuur nie.

BASAAR: TERUGVOER

Hartlik dankie aan alle lidmate wat betrokke was by vanjaar se basaar. Ons voorlopige syfers toon 'n netto verdienste van ongeveer R75 000 teenoor R49 000 van 2018. Ons is dankbaar teenoor Christine Morsbach en haar span helpers vir die reël en vlot verloop van 'n besonder gesellige geleentheid.

RAAK BETROKKE

- **Eredienswerkers:** Ons benodig helpers by alle eredienste. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om jou hulp aan te bied.
- **Kafeteria:** Diensspanne is ongeveer twee keer per kwartaal vanaf 09:30 tot 11:00 aan diens. Jy hoef nie skottelgoed te was nie. Kontak Lindy, lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.
- **Teetuin:** Gratis tee en koffie word op 'n selfhelpbasis bedien, maar geen eetgoed nie. Kontak Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om hulp aan te bied.
- **Sekuriteit:** Indien jy bereid is om op aflosbasis behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.
- **Omgeekombuis:** Lidmate wat bereid is om een Donderdagoggend per maand in die grootsaalkombuis kos te kook vir mense in nood, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

BASAARBORG 2019

Milieu Eiendomme

Kontakpersoon:

JP van der Poel

082 878 5582



BASAARKOÖRDINEERDER

Baie welkom aan Deon Maree wat aangebied het om die koördinerings van die basaar in 2020 te behartig.

FEESMARKAANSOEKE

Feesmarkaansoeke is nou oop. Voornemende uitstallers moet asb. voor **18 April** aanlyn registreer met die oog op keuring. Gaan na www.stellenberg.co.za.

RUYTERWACHT-BASAAR

Die NG Kerk in Ruyterwacht hou basaar op Vrydag 5 April en vra dat lidmate hulle met die volgende bestanddele vir hulle poedingverkope ondersteun: jellie, ideal-melk, kondensmelk, een-literbokse vla en fyngemaakte pynappelstukke. Bydraes moet asseblief voor 20 Maart by Stellenberg-kerkkantoor afgegee word.

VAKATURE JEUGKANTOOR

Jeugkantoor administratiewe hulp

'n Vakature bestaan vir 'n persoon wat lief is vir jongmense, 'n pad met die Here loop en oor goeie administratiewe en organisatoriese vaardighede beskik. Werksure 12:00 - 15:00, dienswerk op Sondag tydens die jeugdiens, asook na-uurse verpligtinge soos jeugvergaderings en kampe.

SPEIALE EREDIENSTE VIR PAASFEES

Donderdag 18 April

18:00 Nagmaal by Edelweiss (Dr. Theo Swart)

19:00 Nagmaal in die kerk (Ds. Callie Visagie)

Goeie Vrydag 19 April

09:00 Erediens in die kerk (Ds. René Potgieter)

Paassondag 21 April

06:15 Nagmaal in die kerk (Ds. Marius Breytenbach)

09:00 Nagmaal in die kerk (Ds. Marius Breytenbach)

19:00 Nagmaal in die kapel (Ds. Marius Breytenbach)

ALTA DU TOIT NASORG BIED AAN:

Sonskynfees

30 Maart by
Hillcrest Durbanville

Bekende kunstenaars tree op en eet- en drinkgoed vir die hele gesin word te koop aangebied.

marina@altadutoit.org.za

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen
09:00 tot 12:00 by
021 976 8029
gemaak word.